




# Palma



Die bulletin van die Historiese Genootskap  
van Moedergemeente Stellenbosch

Volume 2 - Julie 2005

---

# Palma 2 Jul-2005

## Redaksie

**Nico Gey van Pittius**

ngvp@sun.ac.za

Tel: 021 889 5054 (na ure)

**Ode Krige**

calvilla@iafrica.com

Tel: 021 8838445

### ***Voorbladfoto:***

*Ds Meent Borchers, 9de predikant van die kerk van Stellenbosch vanaf 1786 – 1830*

**Palma** is 'n publikasie van die Historiese Genootskap van Moedergemeente Stellenbosch, en word gratis versprei aan alle lidmate van die gemeente, sowel as aan enige belangstellers. Kontak gerus die Redaksie indien u belang sou stel om die publikasie te ontvang.

**Palma** se visie is om die ryke geskiedenis van die gemeente wat oor meer as 300 jaar strek, te ontgin en beskikbaar te stel. Hierdeur wil die Historiese Bediening God eer vir Sy bemoeienis met Sy kerk en die gemeente oor al die eeue.

Die Redakteurs van **Palma** verwelkom enige bydraes wat op die geskiedenis van die Moedergemeente Stellenbosch betrekking het. Riglyne vir bydraes kan telefonies of per e-pos aangevra word.

## Ons embleem



Hierdie is die amptelike embleem van die NG Gemeente Stellenbosch en verskyn die eerste keer op die seël wat in 1765 saam met die res van die kerksilwer deur die Kerkraad gekoop is. Die 200 gulde hiervoor is geskenk deur Martin Melck. Die randskrif is ontleen aan die Statevertaling van Psalm 92 vers 13. Die keuse van die teks en palmboom-embleem is waarskynlik afkomstig van die destydse predikant, ds. Appeldoorn. Die palmboom simboliseer 'n gemeente wat ondanks swaarkry en moeilikhede nietemin groei en bloei en na die oorwinning streef. Die naam van die bulletin is afgelei van "Palma Dei" wat beteken "die palm van God" en dui nie net op die gemeente van God nie, maar ook op die handpalm van God waarin Hy die gemeente koester en bewaar.

## VAN DIE REDAKSIE

*“Deze weinige aanhalingen...doen ons met dankbaarheid gedenken aan den yver en de weldadigheid der nu reeds lang ontslapene vaderen, voor en omtrent onze kerk; en het strekt ons tot ware blydschap en aanmoediging in onze godsdienstige pligten dat, na verloop van 120 jaren, dezelfde geest zich bij het nakroost staande hield.”*

Ds. Meent Borchers  
(9<sup>de</sup> predikant van die Kerk van Stellenbosch)  
*Nederduitsch Zuid Afrikaanse Tydschrift, 1825*

**Wanneer `n mens hierdie woorde lees wat ongeveer 180 jaar gelede oor ons gemeente gesprek is, kan `n mens nie anders as om in dankbaarheid en verwondering te staan oor die Here se groot genade nie.** Dit bring `n mens ook weer van voor af tot die besef van die verantwoordelikheid wat ons as die “nakroost” na nog 180 jaar het om te sorg dat die Here se genade vanoor 319 jaar in absolute nederigheid gevier word. Die Historiese Genootskap van Moedergemeente Stellenbosch sien dit as **sy visie om die gemeente hierin te help.** Ons poog om Palma te gebruik as mondstuk om lidmate deurentyd te herinner aan alles waarvoor ons deur die eeue dankbaar kan wees, maar ook om te wys op die foute en tekortkominge van die verlede, sodat ons deur met `n gebalanseerde oorsig, die toekoms toegemoet kan gaan. Soos George Hofmeyr in sy voorwoord van die boek “*NG Kerk 350*” skryf: “*Die evaluering en erkenning van die verlede, met al sy kenterings en krisis, bring uiteindelik herlewing en heropbou.*”. **Volgende jaar is ons gemeente 320 jaar oud.** Wat beteken dit vir u, gemeentelid? Is dit net nog `n geskiedkundige interessantheid, iets om terloops te noem by die volgende sosiale geleentheid, of is dit vir u ook `n wonderlike toonbeeld van God se betrokkenheid in ons land en sy bemoeienis met ons gemeente. Ons hoop dat u elkeen hierdie publikasie as `n inspirasie sal sien om ons erfenis te vier en te onderhou.

*Nico Gey van Pittius*

## DIE KRUISKERK


Die Moederkerk van Stellenbosch was oorspronklik 'n eenvoudige Kruiskerk en is in 1863 deur Carl Otto Hager tot sy huidige proporsies vergroot. Van die eerste eenvoudige rietdak kerkie wat **op die terrein van D'Ouwe Werf** opgerig is en deur die Kompanjie gebou is, is vandag slegs enkele reste sigbaar. Die eerste steen van hierdie oudste kerk is op **14 Februarie 1687 gelê – nie ter ere van God nie, maar ter ere van Simon van der Stel**, die stigter van die kolonie. Tydens sy verjaarsdagviering in Oktober van dieselfde jaar, het ds. Van Andel van Kaapstad die inwyding waargeneem. Kaapstad se *gemeente* was wel ouer, maar **Stellenbosch se kerk was die eerste Gereformeerde kerkgebou aan die suidpunt van Afrika.**

### **Die groot brand**

In Desember 1710, skaars 22 jaar na die inwyding, tref 'n ramp die gemeenskap toe 'n **vernietigende brand omtrent die hele dorp in puin lê**. Die kerk is gereduseer tot puin en vloerstone. Hiervan is in die skoorsteen van die nuwe drosdy gebruik en tien jaar ná die brand het ds. Beck ook nog van die fondamentklippe en mooi vloerstone laat uitbreek vir die bou van die nuwe Kruiskerk.

### **Tydlike onderdak**

Die daklose gemeentetjie het **elf jaar lank in die kelder van Jan Botma in Ryneveldstraat bymekaargekom**. Vyf jaar na die brand was die algemene gevoel nog ten gunste van die heropbou van die afgebrande kerk, maar twee jaar later het die gedagte aan 'n nuwe kerk op 'n ander, nuwe perseel, voorkeur geniet. 'n Presiese vierkant is aan die oostekant van die dorp, bokant die wind uitgemeet (die perseel van ons huidige kerkgebou). In 1717 het hierdie perseel die wettige eiendom van die kerkraad geword en is dadelik as kerkhof gebruik. Die eggenote van oudlanddros Mulder



*Die eerste kerkie (of Godshuis, soos dit detyds genoem is) op Stellenbosch soos dit daar uitgesien het in 1710, net voor die groot brand. Aan die regterkant kan Dorpsstaat duidelik gesien word. Tekening deur E. van Stade - 15 Februarie 1710.*

was waarskynlik die **eerste persoon wat hier begrawe is** (sien artikel “’n Begrafnis in ’n Ruine” op p.12). ’n Belangrike verandering ten opsigte van eienaarskap het hier plaasgevind. Nou was dit nie meer die Kompanjie nie, maar die kerkraad en gemeente wat self moes inspring om die nodige fondse vir die bou van ’n nuwe kerk te vind.

## **Fondsinsameling**

Ds. Beck het ’n **hartroerende smeekbrief** aan die Kaapse diakonie gestuur :

*“Ons roep, help ons! Staan ons by in die oprigting van ’n godshuis!*

*U eerwaardes is die vermoëndste in Israel, ryklik geseënd met middele en inkomste : sterk en vul dan ons hande.... **Ons soek geen groot bedrag nie, net maar 4000 gulde**, ‘n klein gedeelte van u oorvloed. Laat nie toe dat oor hierdie klein bedrag, ons kerk vir ewig in puinhope begrawe bly nie! Volg die voorbeeld van die eerwaarde sinode van ons Vaderland in haar hulp aan die Gulikse kerke, en dié van die Bataafse kerk in haar merkwaardige hulp verleen in die oprig van ‘n kerk op Malaya..... Sion sal u op hierdie plek luister verleen, u milddadigheid sal geprys word, u liefde versprei word..... en ons sal met dankbare harte steeds U skuldenaars bly.”*

Die **brief het geen impak gehad nie**, die bouery moes op skuld begin, en die nuwe kerk, die Kruiskerk, kon eers voltooi word na ‘n lening van 3000 gulde van die Kaapse kas.

## **Bouwerk begin**

Jan Sanders is aangestel as bouer. Hy was bekend op Stellenbosch vanweë sy belangrike aandeel in die bou van die nuwe drosdy en die kerkraad het vertrou in hom gehad. As aanloop tot die bouery, is al die nodige hout eers aangery – waarskynlik **inheemse geelhout en Europese greinhout vir die dakruimte en populierhout vir die “kagebinte”**. Laasgenoemde hout was bestand teen wurms en soepel genoeg om weerstand te bied teen die druk van die stormwind op die steil rietdakke. Teen die einde van 1717 was die 50 - 60 vragte hout klaar aangery en in ‘n spesiale onderdak in die tuin van ds. Beck geberg waar dit teen wind en weer en ander elemente beskerm was. Om dit op die oop kerkhof te berg, sou beteken dat iemand spesiaal gehuur moes word om dit op te pas.

## **Die dak en fundamente**

In **Augustus 1719 is die eerste fundamente gegrawe**. Heemraad Pieter van der Bijl het namens die Goewerneur die eerste steen gelê. Groot granietblokke wat in ‘n bedding van swart klei gelê is, is as boumateriaal gebruik. Die oorspronklike handewerk van Sanders, sy


assistent David Boelhouwer, en die gehuurde slawe, **is vandag nog te sien in die agterste (oostelike) deel van die kerk.** Behalwe vir 'n deel van die Groote Kerk, Kaapstad, is hierdie die oudste kerkmure in ons land.

Jan Hendrik Coelon en Coenraad Beekman was die timmermans en verantwoordelik vir die dak wat **140 jaar lank die stortreën van die winter en die suidoos van die somer moes trotseer.** Koenraad Jansz Visser het 12 000 bosse riet hiervoor gekap – presies soveel as wat ook vir die Drakensteinse kerk nodig was. Die ystersmid was Steven Wintershoff.

## **Interieur**

Teen **Mei 1721 was die dak voltooi** en kon daar met die binnekant van die kerk begin word. Die mure buite was egter nog nie klaar afgepleister nie, die vensters sonder glas en al die meubelment nog uitstaande. Daar was ook probleme met die preekstoel, want die los hemel moes êrens geanker word. **Mansbanke is in die drie oop vleuels geplaas** – ses per vleuel. Dit is sitplekgewys aan manlike lidmate verhuur, terwyl die **vrouens se stoele apart in die middel van die gebou gestaan het.** Langs die symure op die vier binnehoeke van die kruis is spesiale banke gebou vir die Goewerneur, Landdros en Heemrade, lede van die Krygsraad, ouderlinge en diakens. Hierdie **banke het baldakyne of pawiljoentjies gehad.** Daar was ook paneeldeure wat gesluit kon word en sedert 1733 is bankgelde gehef.

Die bouwerk was amper klaar, toe **boumeester Jan Sanders afgedank is** met die vermaning *om geen handen aan de verdere opbouw te steeken.* Gerrit Vermaak is in sy plek aangestel. **By voltooiing het die Kruiskerk waarskynlik heelwat ooreenkomste vertoon met die Rynse Kerk wat later op die Braak gebou is.** Daar word aangeneem dat 1722 die vergulde jaartal op die voorgewel van die Kruiskerk was.



*Verskillende fases van bouwerk aan die Kerk van Stellenbosch tot sy huidige formaat. Die oorspronklike kruiskerk van 1722 is in donker lyne aangedui. Latere byvoegings met jaartalle word aangedui. Die vooraansig (Kerk/Drosdystraat) is aan die linkerkant van hierdie skets. (Bron: Die Kerk van Stellenbosch - A.M. Hugo en J. van der Bijl)*

### **‘n Lotery help niks !**

In 1722, toe die kerk amper klaar is, **was die fondse ook uitgeput.** Die kerkraad het ten einde raad besluit om die Goerwerneur se verlot te vra vir die **uitskryf van ‘n lotery.** Synde teen die Gereformeerde sedes, was dit geen verrassing dat die kerkraad die mislukking van hierdie projek as **“straf” ervaar het nie.** So



byvoorbeeld is Isaak Scheepers, die persoon wat die lotery georganiseer het, skielik oorlede en begrawe in 'n graf wat die kerkraad kort voor sy dood aan hom toegeken het uit dank vir sy gewaardeerde dienste! Die predikant, ds. Beck, het tien jaar ná die lotery-episode, toe hy al as emeritus in Kaapstad woonagtig was, erken dat hy steeds onopgehaalde kontantpryse, 'n loteryboek, prysregister, ens. in sy besit gehad het!

## **Die ringmuur**

Van Oktober 1734 (“*na ‘t eindigen van de quade Mouzon*” - m.a.w. aan die einde van die wintereëns) af het die gemeente **‘n hele jaar lank hand bygesit met die bou van die ringmuur rondom die kerk**. Dit was nadat die kerkraad in Mei 1734 op 'n kerkraadsvergadering besluit het om die muur te bou “*dienende soo tot Cieraad van de Kerk, als eenigermatige Conservatie der doode lichamen op het Kerkhof leggende.*” (tot sieraad vir die kerk en om die liggame in die kerkhof te beskerm). Messelklip (241 wavrage gebreekte graniet), groot rivierklippe vir die fondament (180 vrage) en 20 000 bakstene vir die roef bo-op die ringmuur, is aangery. Die steengroef was geleë waar die **klubhuis van die Stellenbosch Gholfklub** vandag is. Roelof Jonasz was die klippebreker. Ses verskillende slawe-eienaars (waaronder die predikant) het van hul werksvolk as ekstra hande aan die kerkraad uitverhuur. Die toesighouer, Cornelis van Leeuwen, het self die pilare gemessel. Die **oorspronklike dele van die ringmuur is die oudste onveranderde stuk bouwerk op die kerkterrein**. Met die bou van die muur is die oorspronklike grenslyne van 'n parallelogram na 'n trapesium verander sodat die kerk by voltooiing nie meer simmetries ten opsigte van die terrein gestaan het soos dit oorspronklik beplan is nie.

## **Laaste los items**

Die laaste uitstaande items was agt kussings, ses kerkbybels (twee vir die ouderlinge en twee vir die diakens), twee **diakonie-sakkies met houtstokke, (waarvan een in die Museum onder die Orrel**



*Onlangse foto van `n gedeelte van die Ringmuur, gebou in 1734 - die oudste onveranderde stuk bouwerk op die kerkerrein*

is) ‘n “beugel” waarin die doopbak kon hang en ‘n koper staander vir die Bybel.

## **Die eerste Nagmaal**

‘n Mens kan aanneem dat die eerste Nagmaal in die nuwe kerkgebou op **Paassondag 1723** gevier is. Die gebruikelike **uitnodiging van huis tot huis** sou dan op 20 en 21 Maart geskied het. Goeie Vrydag het begin met die *Voormiddag-Voorbereiding*, terwyl die *Voormiddag Nagtmaal Paase* die Sondagoggend- en middag was en Paasmaandag het dan geëindig met die *Voormiddag Paasmaandagh*.

Op 'n ander kontinent, in ander omstandighede, is Johann **Sebastian Bach se Johannespassie vir die eerste keer** op hierdie selfde Goeie Vrydag, 26 Maart 1723, **in Leipzig uitgevoer** – in 'n pragtige katedraal, met orrelspel, koorsang en orkes. Heel anders was dit aan die suidpunt van Afrika waar die klein gemeente in 'n klein Kruiskerk 'n eenvoudige Paasboodskap deur ds Beck aangehoor het met Antonie Faure, die voorsanger, wat vir koor, orkes én orrel moes instaan.

*(Bron: Die Kerk van Stellenbosch - A.M. Hugo en J. van der Bijl.)*

*Ode Krige*

---

## **Die Museum Onder Die Orrel**

Die Museum onder die Orrel kan reeds besoek word al is dit nog nie heeltemal klaar nie.

Ons het al baie mooi skenkings vir die uitstallings ontvang waarvoor ons baie dankbaar is.

Ons is tans nog dringend op soek na 'n ongeskonde kopie van :

**KORAALBOEK**  
vir  
**Psalms en Gesange**

Uitgegee in 1976 deur die NG Kerk-Uitgewers as 'n dik swart bundel.

\*

Indien u oorweeg om 'n interessante stuk of item aan ons gemeente se Historiese Bediening vir bewaring af te staan , skakel gerus vir

**Johan Krige**  
**883 8912 of besoek hom by Neethlingstraat 7.**

## 'N BEGRAFNIS IN 'N RUÏNE

Die eerste kerkie op Stellenbosch, wat ook die heel eerste Protestantse kerkgebou in ons land was, het gestaan ongeveer waar die restaurant van De Oude Werf tans geleë is. Dit is op 19 Oktober 1687 ingewy en het saam met byna die hele res van die dorp afgebrand op 17 Desember 1710.

Die oprigting van 'n nuwe kerkgebou het baie traag verloop en dit is eers in 1723 voltooi. Hierdie kerk is mettertyd vergroot tot ons huidige kerkgebou.

Op 'n kerkraadsvergadering, waarskynlik in November 1717 (die datum is nie ingevul nie) word besluit "*om het lijk van d' overleden huijsvrouw van d' Heer Joannes Mulder van uyt de ruijnen van d' oude Kerk optenemen, en te verplaats in het plein van de nieuwe te bouwene kerk.*"

Hierin lê 'n eienaardige verhaal opgesluit:

In hul gesamentlike testament van 20 Julie 1716 maak die kinderlose "*E Johannes Mulder oudlanddrost van Stellenbosch en Drakesteijn en juffr Jacoba Kiche-laar ....egte luijden, beijde van bedaagden ouderdom, wonende op haar plaats en hofstede Sorgvliet....aan de diaconij armen van Stellenbosch de somma van tweehondert gulden Caabse waarde*".

Omstreeks die einde van daardie jaar kom Jacoba te sterwe en sy word klaarblyklik in "*de ruijnen van*

*d' oude Kerk*" begrawe, ses jaar nadat die kerk afgebrand het! Waarom? Blykbaar omdat haar invloedryke oorlewende man (hy was ook oud-ouderling) vas oortuig was dat die kerkie weer eendag dáár herbou sal word.

Aan die begin van 1717 kom daar egter 'n wending in die planne. Die kerk gaan wel herbou word, maar op 'n heel ander plek, waar dit veiliger sou wees teen brand, daar waar ons kerkgebou nou staan. Dit moes vir die oudlanddros Mulder 'n groot skok gewees het.

In die notule van die kerkraadsvergadering van 4 Februarie 1717 word vir die eerste keer melding gemaak van die bou van 'n nuwe kerk. Die laaste deel van hierdie notule is erg beskadig en moeilik om te interpreteer. Dit lyk egter baie waarskynlik dat Mulder die bemaking aan die armes gebruik het om die kerkraad te oorreed om die herbegrafnis van sy vrou se oorskot te onderneem.

Sy was dus heelwaarskynlik die heel eerste persoon wat "*in het plein*" van die huidige Moederkerk begrawe is.

Ons weet egter van een persoon wat wel binnein die eerste kerkgeboutjie begrawe is. Hy was "de heemraad en cap<sup>n</sup> der dragonders Henderik Elberts-soon" wat oorlede is in September 1692. Dit is trouens ook (sover ons nou weet) die oudste gedokumenteerde begrafnis op Stellenbosch.

*Ockert Malan*

**Nou Te Koop !!!!**

**PALMKRONIEKE**

**Annale van die N.G. Moedergemeente Stellenbosch**

**No 1**

**G2 4/1 Doopregister 1688-1732**

**(en enkele ander inskrywings)**

**met vertolking deur**

**Ockert Malan & Lorna Newcomb**

**Uitgegee deur**

**Die Historiese Genootskap van Moedergemeente**

**onder beskerming van**

**Die Kerkraad van die N.G. Moedergemeente Stellenbosch  
2004**

**ISBN No 0-9584832-1-3**

Hierdie eerste uitgawe van die CD-reeks is vrygestelop Saterdag  
13 November 2004 .

Volume **G2 4/1** van die Gemeente se dokumentasie was oorspronklik  
bedoel as `n doopregister en dek die periode 1688 tot 1732. Mettertyd  
is ander inskrywings egter ook in hierdie bundel gemaak.

Een van die projekte van die Genootskap is die **bewaring en ontsluiting van die dokumentasie** van die Gemeente met behulp van die jongste beskikbare tegnologie. Dit behels die **digitale fotografering van die oudste en broosste dokumente**, die **transkribering en vaslegging op rekenaar** van die teks, asook die **bepaalde inleidende analise** daarvan.

Die doel hiervan is tweevoudig:

- Eerstens om aan geskiedenisnavorsers **maklike toegang te verleen tot die primêre bronne** sonder om hierdie verganklike nalatenskap aan verdere slytasie te onderwerp. Terselfdertyd word 'n uiters getroue weergawe van hierdie onvervangbare bronne op alternatiewe wyse veilig bewaar.
- Tweedens om aan navorsers, baie van wie moeite ondervind om die ou handskrifte te lees, toegang te gee tot van die oudste geskrewe bronne van ons geskiedenis.

Hierdie CD bevat die volgende transkripsies:

Die **doopregister** met ongeveer 800 inskrywings dertien inskrywings in die **huweliksregister** 'n **lidmaatregister** van ongeveer 300 persone een bladsy met 'n **notule** vir 15 Oktober 1697 asook die **digitale beelde van die oorspronklike bladsye**.

Die motivering vir die publikasie van die beelde saam met die transkripsie is dat dit te wagte is dat onsekerheid of meningsverskil kan ontstaan oor die geldigheid van sekere transkripsies. Die oorspronklike geskrif is dus hier direk beskikbaar vir kontrole.

**Navrae kan by die Kerkkantoor gedoen word of kontak vir Johan Krige (883 8912) of Ockert Malan (887 4487)**

## DIE VAN DIJK-BYBEL

Die Historiese Genootskap van Moedergemeente Stellenbosch was onlangs in die bevoorregte posisie om `n skenking van me Gerda van Niekerk (gebore Morkel) en haar dogter me Marianna Kritzinger, namens die Morkel-familie te ontvang.

Die skenking is in die vorm van `n waardevolle ou Familiebybel, wat in bruikleen aan die argief van die Moedergemeente Stellenbosch gegee is.

Die Bybel (wat uit die jaar 1729 dateer) is vir uitstalling in die gemeente se Museum onder die Orrel geormerk, en word tans professioneel gerestoureer voordat dit eersdaags in die Museum `n rusplek sal vind.



Me Marianna Kritzinger, Gerda van Niekerk en Ode Krige by die Van Dijk-Bybel

Die Historiese Genootskap van Moedergemeente Stellenbosch wil hiermee graag namens die gemeente hul dank uitspreek vir hierdie kosbare erfstuk. Die volgende uitgawe van Palma sal `n artikel oor die fassinerende geskiedenis van die Bybel bevat.

~~~~~  
Indien daar enige ander persone is wat sou belangstel om enige artikels wat van historiese belang vir die gemeente is te skenk, is hulle welkom om die voorsitter van die Genootskap, Johan Krige, te kontak by 883 8912.  
~~~~~